

25 Januarie

**Skrifgedeelte: Psalm 127**

**Fokusgedeelte: Psalm 127:5**

**Tevergeefs! As ons self die trappe wil klim!**

Psalm 127 is een van die psalms wat die volk gesing het toe hulle op pad was na die tempel in Jerusalem. Op elke trap sing hulle 'n nuwe vers. Ons kan onsself indink hoe hulle op die eerste trap klim en sing: "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou", en dan op die tweede trap: "As die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter." So het hulle al singend die tempeltrappe uitgeklim om die Here te ontmoet. Kom ons sing Psalm 127 saam met hulle en klim ook die trappe uit.

Ons klim op die eerste trap en ons sing: "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou." Hoe bou jy jou huis? Of sal ons eerder sê, hoe bou jy jou huisgesin? Vandag is daar so baie dissiplineprobleme in skole. Al hierdie probleme kan direk na die huisgesin teruggetrek word. Kinders word nie geleer wat die Here sê nie. Kinders verstaan ook nie wat gesag is nie, en dat gesag van God af kom nie. Daar word nie meer huisgodsdien gehou nie. Die huisgesin word nie op die Here en sy Woord gebou nie. Tevergeefs, sê die psalmdigter, tevergeefs werk die wat die huis probeer bou.

Ons klim op die tweede trap en ons sing: "As die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter." In vandag se omstandighede kan elkeen goed assosieer met dié vers. Alle moet gesluit word en die beste duurste alarmstelsels moet ingesit word. Dit is goed as ons dit kan doen, maar hoe doen ons dit? Is ons rede dat ons self in ons eie beskerming moet voorsien? Dit is ook tevergeefs as die Here nie bewaak nie. Dit is tevergeefs as daar op menslike stelsels staatgemaak word om beskerming te bied. Laat God jou veilige vesting wees.

Ons klim op die derde trap en sing: "Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet." Die lewe is so 'n gejaag. Ons vergeet van God se voorsienigheid. Vandag is mense roepingloos. Alles draai om geld. Genoeg geld sodat hy te vroeg kan begin rus (aftree). Werk word nie as roeping gesien nie. Werk is net 'n manier om geld te maak. Tevergeefs. Tevergeefs as ons nie ons werk as roeping van God sien nie.

Ons klim op die laaste trap by die poort van die tempel en ons sing: "Gelukkig is die man wat sy pylkoker met die seuns van die jeug vul! Hulle sal nie beskaamd staan as hulle met die vyande in die poort spreek nie." Kinders is 'n seëning en 'n beloning van die Here. Hoe voed ons ons kinders op? Maak ons gelowige kinders groot? Of word daar toegelaat dat kinders ingesluk word deur allerhande heidense leringe? Laat Christus die Leermester van jou kinders wees, sodat hulle saam met jou in die poort teen die vyande stry.

Sing: Psalm 84:1, 6

Teologiese student M Diedericks